# VRYSTAAT SA BOERPERD KLUB

## JAARVERSLAG: AUGUSTUS 2016

Liezelle Whitehead

Die Vrystaat Boerperdklub bied gedurende die afgelope jaar verskeie geleenthede aan wat goed deur lede ondersteun word:

Leon Botha bied 'n puik kursus in Bethlehem aan en is soos altyd baie leersaam.

Aan die begin van Januarie hou ons 'n 3 dag plesierrit in die Verkykerskop omgewing by Phillip en Amanda Ludick en soos altyd is dit 'n heerlike saam-kuier en perdry geleentheid.

Die Vrystaat hings-keuring vind gedurende April plaas en 18 hingste uit die Vrystaat en Natal woon die keuring by. 'n Baie lekker dag met pragtige perde. Gedurende Mei bied die Bloemfontein skou-komitee 'n suksesvolle SA Boerperdskou tydens Bloemfontein skou aan.

Ons beplan 'n leersame dag saam met Dawn Mansfield gedurende Oktober en nooi almal uit om dit by te woon.

***Liezelle Whitehead***
VOORSITTER
Vrystaat Klub